# AFO FOTOGRAFIEKLUB HUISREËLS

(Augustus 2026)

**INHOUDSOPGAWE**


| | | |
|---|---|---|
| 1 | Klubaande | 2 |
| 2 | Kommunikasie | 2 |
| 3 | Lidmaatskap en ledegeld | 2 |
| 4 | PSSA lidmaatskap | 2 |
| 5 | Stergroepstelsel | 3 |
| 6 | Maandelikse klubkompetisies | 3 |
| 7 | Inskrywingsvereistes | 4 |
| 8 | Kategorieë | 4 |
| 9 | Definisies | 5 |
| 10 | Manipulasie | 6 |
| 11 | Beoordeling | 7 |
| 12 | Diskwalifikasie van foto's | 9 |
| 13 | Puntetoekenning by klubaande | 10 |
| 14 | Salonne | 10 |
| 15 | Bevordering | 10 |
| 16 | Interklub kompetisies | 12 |
| 17 | Jaarlikse toekennings | 13 |
| 18 | Ander toekennings | 15 |
| 19 | Wysiging van huisreëls | 16 |

## 1. KLUBAANDE

Klubaande word maandeliks gehou soos aangedui op die jaarprogram. Dit word op Maandagaande gehou, gewoonlik die eerste Maandag van die maand, maar dit kan wissel volgens skoolvakansies.

## 2. KOMMUNIKASIE

Kommunikasie aan lede geskied deur middel van e-pos, op die AFO-webwerf by www.afo.co.za, asook deur WhatsApp. Die voertaal tydens vergaderings en in alle amptelike kommunikasies is Afrikaans. Hoewel dit nie ‘n vereiste is dat lede Afrikaans magtig moet wees nie, word dit dus aanbeveel.

## 3. LIDMAATSKAP EN LEDEGELD

i) ’n Voornemende lid vul die voorgeskrewe aansoekvorm in. Dit is beskikbaar op die AFO-webwerf onder “Hoe om by AFO aan te sluit”. Die voltooide vorm saam met die bewys van inbetaling van die toepaslike intree- en ledegeld word aan die sekretaresse gestuur.
ii) Klublede kan per Zoom inskakel om verrigtinge tydens klubaande te volg. Hoewel bestaande lede wat verhuis of weens omstandighede dit mag moeilik vind om klubaande by te woon, wil ons huidige en nuwe klublede aanmoedig om sover moontlik klubaande fisies by te woon en nie AFO lede te word as gereelde fisiese bywoning van klubaande nie moontlik sal wees nie. Aansoek van nuwe lede wat nie klubaande kan bywoon sal individueel na gelang van meriete oorweeg word.
iii) Ledegeld word jaarliks deur die bestuur vasgestel en op die webwerf gepubliseer.
iv) ’n Nuwe lid betaal ’n eenmalige intreefooi.
v) Jaarlikse ledegeld is betaalbaar vir ’n kalenderjaar (1 Januarie tot 31 Desember).
vi) Nuwe lede wat na 30 Junie aansluit, betaal 50% van die jaarlikse ledegeld. Intreegeld bly dieselfde.
vii) Die bestuur kan ’n addisionele heffing vra vir bepaalde doeleindes.
viii) Ledegeld is betaalbaar binne die eerste drie maande van die kalenderjaar. Indien ledegeld nog nie betaal is teen 30 April nie, verval lidmaatskap outomaties en fotos wat vanaf Mei ingeskryf word deur lede wat nie hulle lidmaatskap hernu het nie sal nie beoordeel word nie.
ix) Lede wat 10 jaar of langer lid is van AFO, of wat 60 jaar en ouer is, is geregtig op 50% korting op jaarlikse ledegeld.
x) Die Bestuur kan in hulle eie diskresie ere-lidmaatskap aan lede wat uitsonderlike diens oor ’n lang tydperk aan die Klub gelewer het toeken. Lede met erelidmaatskap word vrygestel van ledegeld.

## 4. PSSA LIDMAATSKAP

i) AFO is as klub lid van die Photographic Society of South Africa (PSSA). Die tesourier betaal jaarliks AFO se klubledegeld aan die PSSA oor.

ii) Individuele lede van AFO word aangemoedig om ook individuele lede van die PSSA te word.
iii) Besonderhede oor die PSSA is beskikbaar op die webwerf www.pssa.co.za.

## 5. STERGROEPSTELSEL

i) AFO gebruik ’n kompetisie formaat vir sy maandelikse klubaande. Die kompetisie en bevordering word gedoen volgens ’n stergroepstelsel.
ii) Die volgende stergroepe word gebruik:
- Vyf stergroepe: 1-ster, 2-ster, 3-ster, 4-ster en 5-ster.
- Vyf Meestersgroepe (M): Meester Brons, Meester Silwer, Meester Goud, Meester Platinum en Meester Diamant.
- Vyf Senior Meestersgroepe (SM): SM Brons, SM Silwer, SM Goud, SM Platinum en SM Diamant.
- Vyf Grootmeestergroepe (GM): GM Brons, GM Silwer, GM Goud, GM Platinum en GMDiamant.

iii) Indien ’n lid aan die volgende vereistes voldoen, kan hy of sy deur die bestuur tot die vlak van eremeester bevorder word. Die vereistes is:
- Die lid moes die vlak van Grootmeester Diamant behaal het.
- Die lid moes minstens 5 jaar op AFO se bestuur gedien het.
- Die lid moet na die oordeel van die bestuur deur dienslewering aan fotografie die
- status waardig wees.

iv) In gevalle waar ’n lid met Grootmeester Diamant status die vlak se hoogste status bereik en oorskry en nie kwalifiseer as Eremeester nie word die status van Grootmeester Diamant Laureatus toegeken.
v) 1-ster tot 3-ster fotograwe word as junior fotograwe geklassifiseer.
4-ster fotograwe en hoër is senior fotograwe.
vi) ’n Nuwe lid begin normaalweg as ’n 1-ster fotograaf.
vii) ’n Nuwe lid wat fotografie ervaring het, kan aansoek doen om op ’n hoër stervlak geplaas te word. So ’n lid moet ’n portefeulje van foto’s aan die bestuur voorlê vir oorweging.
viii) ’n Nuwe lid wat voorheen lid van ’n ander fotografieklub was wat by die PSSA geaffilieer is, kan toegelaat word om op dieselfde vlak waarop hy of sy die vorige klub verlaat het, by AFO voort te gaan. Die lid wat hiervan gebruik wil maak moet by die bestuur aansoek doen, met bewys van die status by die vorige klub en van salonpunte wat reeds verdien is.
ix) Die bestuur het die finale sê oor die stervlak waarop ’n nuwe lid geplaas word.
x) ’n Nuwe lid begin op die vlak waarop hy of sy geplaas word, sonder enige punte, behalwe salonpunte wat reeds verwerf is.

## 6. MAANDELIKSE KLUBKOMPETISIES

i) AFO se kompetisie jaar strek (in ooreenstemming met die PSSA se kompetisie jaar) van 1 Julie tot 30 Junie van die volgende jaar.
ii) Net digitale foto’s word by AFO beoordeel.
iii) Elke lid kan elke klubaand drie foto’s inskryf wat volgens die lid se voorkeur oor die verskillende kategorieë versprei kan word. Dit kan óf drie foto’s in een kategorie wees, óf twee foto’s in een kategorie en een foto in ’n ander kategorie, óf drie foto’s in drie verskillende kategorieë.
iv) Wanneer daar ’n voorgeskrewe onderwerp is, mag ’n lid op daardie aand ’n vierde foto vir daardie onderwerp inskryf. Slegs een foto mag op ’n aand vir die voorgeskrewe onderwerp ingeskryf word.
v) Die bestuur besluit op vier tot ses voorgeskrewe onderwerpe per jaar wat dan op die jaarprogram aangedui word.
vi) Een maal per jaar word daar ’n minireeks kompetisie gehou. ’n Minireeks bestaan uit drie tot vyf foto’s in ’n spesifieke volgorde wat saam ’n storie vertel. Die minireeks word as ’n geheel beoordeel. Die storie wat die minireeks vertel en die gehalte van die foto’s dra ewe veel gewig.
vii) ’n Lid mag dieselfde foto net een keer inskryf, behalwe as die foto ’n silwer- of brons toekenning verwerf het. Dan mag die fotograaf dit verbeter en nog een maal inskryf.
viii) Amper-duplikate (susterbeelde) van foto’s wat voorheen ingeskryf is en ‘n goud toekenning verwerf het, mag nie ingeskryf word nie.
ix) ’n Foto wat voorheen as deel van ’n minireeks ingeskryf is, mag wel as individuele foto ingeskryf word. ’n Foto wat voorheen as individuele foto ingeskryf is, mag ook as deel van ’n minireeks ingeskryf word.
x) Alle inskrywings moet die klublid se eie werk wees. Dit sluit die neem sowel as die verwerking van foto’s in. Alle elemente wat in ‘n saamgestelde foto gebruik word moet ook die klublid se eie werk wees.
xi) Wanneer ’n lid ’n foto vir ’n klubaand inskryf, stem die lid in dat die foto ook op AFO se webwerf gepubliseer mag word in ’n formaat (wat grootte en resolusie betref) soos bepaal deur die webmeester.
xii) Wanneer ’n klublid as beoordelaar optree, mag die lid nie daardie maand foto’s inskryf nie. Direkte gesinslede of lewensmaats, mag dan ook daardie maand nie inskryf nie. Aan so ’n beoordelaar, gesinslid of lewensmaat word daar ’n goue toekenning en die jaarpunte daarvoor toegeken vir elke foto wat hulle sou kon inskryf as die lid nie beoordeel het nie. Dit is dus drie goue toekennings en 9 klubpunte, of as daar ’n voorgeskrewe onderwerp is, vier goue toekennings en 12 klubpunte.

## 7. INSKRYWINGSVEREISTES

i) Alle foto’s moet in jpg-formaat gestoor word.
ii) ’n Foto mag nie groter as 2MB wees nie.
iii) Die horisontale sy van die foto mag hoogstens 1920 pixels lank, en die vertikale sy hoogstens 1080 pixels hoog wees.

iv) ’n Foto mag nie horisontaal kleiner as 1920 pixels én vertikaal kleiner as 1080 pixels wees nie. Dit wil sê, as die foto nie presies 1920 x 1080 pixels groot is nie, moet óf die horisontale sye 1920 pixels lank wees, óf die vertikale sye moet 1080 pixels hoog wees.
v) ‘n Dun raampie om ‘n foto word aanbeveel, maar dit is nie ‘n vereiste nie.
vi) Foto’s word op die internet ingeskryf by www.photovaultonline.com.
vii) Die sluitingsdatum vir inskrywings is gewoonlik in die week voor die klubaand. Die presiese sluitingsdatum word op Photovault aangedui.

## 8. KATEGORIEë

i) Daar is vyf vaste kategorieë waarin klublede elke maand foto’s kan inskryf. Dit is:
   - i) Natuur (voëls uitgesluit) – Manipulasie word nie toegelaat nie.
   - ii) Natuur (slegs voëls) – Manipulasie word nie toegelaat nie.
   - iii) Landskappe - Manipulasie word toegelaat.
   - iv) Piktoriaal Oop - Manipulasie word toegelaat.
   - v) Sport – Manipulasie word nie toegelaat nie.

ii) Daar is vyf roterende kategorieë waarvan daar elke maand een aan die beurt kom. Dit is:
   - Monochroom - Manipulasie word toegelaat (vier maal per jaar).
   - Menslike portrette - Manipulasie word toegelaat (twee maal per jaar).
   - Visuele kuns - Manipulasie word toegelaat (twee maal per jaar).
   - Makro - Manipulasie word toegelaat (twee maal per jaar).
   - Foto-joernalistiek – Manipulasie word nie toegelaat nie (twee maal per jaar).

iii) Kleurfoto’s en monochroomfoto’s is toelaatbaar in alle kategorieë - behalwe “Monochroom” waar kleurfoto’s nie toegelaat word nie.

## 9. DEFINISIES

i) AFO hou by die definisies wat deur die PSSA gebruik word.
ii) Vir die kategorieë wat by AFO se klub aande geld, is die definisies soos volg:

**Natuur (voëls uitgesluit) - Manipulasie word nie toegelaat nie**
Natuurfotografie dek alle takke van natuurstudie **behalwe** antropologie en argeologie. Natuurfoto’s sluit in landskappe, geologiese formasies, weerverskynsels, en dit sluit foto’s in van onderwerpe in beheerde omstandighede. Foto’s van kunsmatig gekweekte plantkruisings, aangeplante plante, mak diere wat wild geword het, huisdiere, plaasdiere of gemonteerde voorbeelde is ontoelaatbaar. Geen voëls word as hoof onderwerp hier toegelaat nie. Indien daar menslike elemente teenwoordig is, moet dit nie die aandag aftrek van die onderwerp of dit oorweldig nie. Kleur en monochroom beelde word aanvaar.

**Natuur (slegs voëls) - Manipulasie word nie toegelaat nie**
Natuurfoto's van voëls mag in beheerde omstandighede geneem word. Foto's van mak voëls wat wild geword het, mak voëls, pluimvee, of gemonteerde voorbeelde is egter ontoelaatbaar. Indien daar menslike elemente teenwoordig is, moet dit nie die aandag aftrek van die onderwerp of dit oorweldig nie. Kleur en monochroom beelde word aanvaar.

**Landskappe - Manipulasie word toegelaat**
'n Genre wat verskillende ruimtes in die wêreld wil vertoon, gewoonlik groot en oneindig. 'n Landskap bestaan uit die sigbare kenmerke van 'n area, en fisieke elemente soos grondformasies, water, lewende elemente van diere en plante en abstrakte elemente soos weerlig en weerverskynsels. Dit kan mense en/of diere insluit

**Piktoriaal oop - Manipulasie word toegelaat**
In hierdie kategorie kan enige onderwerp ingeskryf word. Kleur en monochroom beelde word aanvaar.

**Sport - Manipulasie word nie toegelaat nie**
Sportfotografie dek enige aspek van 'n sportgeleentheid. Foto's moet 'n aktiewe tydverdryf of ontspanning uitbeeld waarin fisiese inspanning of vaardigheid 'n rol speel, wat beheer word deur 'n stel reëls of gebruike en wat dikwels van mededingende aard is. Die vlak van sport kan wissel van kinders wat aan sport deelneem tot by die Olimpiese Spele. Foto's in hierdie afdeling kan toeskouers en skeidsregters insluit.
Dansproduksies soos ballet asook lugskoue word nie deur die PSSA as sport beskou nie en word daarom ook nie deur AFO in hierdie kategorie toegelaat nie. Kleur en monochroom beelde word aanvaar.

**Monochroom - Manipulasie word toegelaat**
In hierdie kategorie kan enige onderwerp ingeskryf word. Kleurfoto's is nie toelaatbaar nie.

**Menslike portrette - Manipulasie word toegelaat**
'n Foto van 'n lewende mens waar die onderwerp die belangrikste element van die foto is en wat die persoon se persoonlikheid of gemoedstoestand na vore laat kom. Portrette word nie net beperk tot kop-en-skouers nie. Dit kan net 'n deel van die gesig insluit, of 'n blik van agter, of 'n vollengte studie.

**Visuele kuns - Manipulasie word toegelaat**
Foto's wat verder gaan as bloot die piktoriale weergawe van 'n toneel. Die foto hoef nie afgeleide of manipulerende tegnieke te benut om visuele kuns te wees nie.

**Makro - Manipulasie word toegelaat**
Makrofotografie is fotografie van baie naby af, waar 'n mens naby aan 'n klein voorwerp kom met fisieke of optiese middele. Die grootte van die onderwerp in die finale foto is gewoonlik groter as lewensgroot en toon detail wat nie maklik met die blote oog sigbaar is nie.

**Fotojoernalistiek - Manipulasie word nie toegelaat nie**

Foto-joernalistieke inskrywings dra inligting oor wat die menslike teenwoordigheid in die wêreld en emosionele impak oordra. Dit sluit gewoonlik die menslike kant, dokumentêre werk en nuus in. By AFO sluit dit sport uit, omdat daar ’n afsonderlike kategorie vir sport is. Die joernalistieke waarde van die foto is belangriker as die tegniese gehalte. Ter wille van geloofwaardigheid word foto’s wat ’n wanvoorstelling van die waarheid is of wat gemodelleer of opgestel is, nie toegelaat nie. Kleur en monochroom beelde word aanvaar.

## 10. MANIPULASIE

Manipulasie behels enige of al die volgende veranderinge aan ’n oorspronklike foto:

- Die byvoeging by die foto van ’n element wat nie oorspronklik daar was nie.
- Die verwydering van ’n element uit die foto wat deel was van die oorspronklike toneel.
- Die verskuiwing of herposisionering van ’n element van die foto wat in die oorspronklike toneel teenwoordig is.

Manipulasie word nie toegelaat in Natuurkategorieë, Sport of in Fotojoernalistiek nie.

Die volgende aksies word nie as manipulasie gesien nie:

- Die afsny van dele van ’n foto (“cropping”).
- Die korrigering van lensdistorsie, chromatiese afwykings, lensvinjette en die aanpassing van horisontale of vertikale perspektief.
- Die horisontale omdraai of die rotering van ’n foto.
- Die verwydering van stofkolletjies of krapmerke op die sensor of ingeskandeerde foto’s.
- Die vermenging van verskillende beligtings van dieselfde toneel om die dinamiese reikwydte te vergroot (High Dynamic Range / HDR).
- Digitale stapeling van foto’s om die beperkings van digitale sensors tydens lang sluiteropeninge te bowe te kom.
- Fokusstapeling om die diepte van veld in veral makro-fotografie te vergroot.
- ‘n Dun raampie om ‘n foto.

Selektiewe verdonkering of verligting van ‘n foto word toegelaat, mits die foto steeds natuurlik vertoon en die verandering ‘n ware weergawe bly van die oorspronklike beeld. Oormatige verdonkering wat sekere elemente verwyder, word egter nie toegelaat nie. Oormatige onnatuurlike verheldering van sekere areas word ook nie toegelaat nie.

**LET WEL:** Fokusstapeling en HDR is nie toelaatbaar in Fotojoernalistiek nie.


## 11. BEOORDELING

i) AFO gebruik by elke klubaand drie beoordelaars. Dit kan interne en/of eksterne beoordelaars wees.
ii) Elke beoordelaar ken aan elke beeld ’n punt uit 15 toe. Die punte word bymekaar getel om ’n punt uit 45 vir die foto te gee.
iii) Beoordelaars kan met mekaar oorleg pleeg oor die moontlikheid om ’n foto te diskwalifiseer. Indien die beoordelaars besluit om ’n foto te diskwalifiseer, ken elkeen ’n punt van 1 aan die foto toe, vir ’n totaal van 3.
iv) Die beoordelaars weet nie wat die stervlak van die outeur is wanneer hulle die foto beoordeel nie.Fotos word dus net op eie meriete beoordeel.
v) ’n Elektroniese berekeningstelsel bepaal volgens die punt wat die foto verdien het en die stergroep waarin die outeur val aan die hand van ’n glyskaal of die foto ’n brons, silwer, goue of meriete toekenning kry.
vi) Die punt wat ’n foto verwerf het, die toekenning en foto se titel verskyn op die skerm. As die foto ’n goue of meriete toekenning verwerf het, word die fotograaf se naam ook vertoon.
vii) Die beoordelaars kry geleentheid om kommentaar op foto’s te lewer soos dit by elke klubaand gereël word.Gewoonlik word daar nie op elke foto kommentaar gelewer nie.
viii) Aan die einde van die beoordeling van elke kategorie, voorgeskrewe onderwerp of minireeks, wys die beoordelaars in oorleg met mekaar ’n junior en ’n senior wenner aan. Dit staan die beoordelaars vry om nie ’n wenner in ’n kategorie aan te wys as die foto’s in daardie kategorie dit nie regverdig nie.
ix) Aan die einde van die aand wys die beoordelaars uit die wenners van elke kategorie en van die voorgeskrewe onderwerp ’n algehele junior en senior wenner van die aand aan.
x) Die glyskaal lyk soos volg:
Pers dui op meriete toekennings, geel op goue toekennings, liggrys op silwer toekennings, donkergrys op brons toekennings en rooi op diskwalifikasie.

**Glyskaal volgens stervlak**

| | 1 * | 2 * | 3 * | 4 * | 5 * | M |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **39-45** | | | | | | |
| **33-38** | | | | | | |
| **32** | | | | | | |
| **31** | | | | | | |

**Glyskaal volgens stervlak**



## 12. DISKWALIFIKASIE VAN FOTO'S

Die bestuur mag besluit om onder een van die volgende omstandighede foto's wat ingeskryf is vir beoordeling by 'n klubaand te diskwalifiseer:

i. As die outeur reeds die foto aangebied het vir beoordeling en die foto 'n goud of COM toekenning verwerf het.
ii. As die outeur 'n sustersbeeld aanbied van 'n foto vir beoordeling wat alreeds 'n goud of COM verwerf het by 'n vorige klubaand. 'n Sustersbeeld word gesien as 'n foto wat baie ooreenstem met 'n ander foto deurdat dit binne 'n paar oomblikke, vanuit dieselfde hoek, deur dieselfde outeur geneem is van 'n onderwerp/onderwerpe in ongeveer dieselfde posisie ("pose") as waarin dit kort tevore verkeer het.
iii. In navolging van die nuwe gebruik by salon beoordeling is dit die bestuur se reg om na 'n klubaand RAW weergawes van enige foto, maar veral kategoriewenners en maandwenners, aan te vra in die kategorieë waar manipulasie nie toegelaat word nie. Sou dit bevind word dat so 'n foto gemanipuleer is, kan die foto dus ook na die byeenkoms gediskwalifiseer word.

Geen plaasvervangende foto mag aangebied word vir beoordeling in die plek van 'n foto wat gediskwalifiseer is nie en alle punte wat die foto verdien het sal verbeur word.

## 13. PUNTETOEKENNING BY KLUBAANDE

i) 'n Klublid verwerf klubpunte volgens die toekennings wat 'n foto of minireeks by 'n klubaand verwerf. Die puntetoekenning werk soos volg:
   - 1 punt vir 'n brons toekenning.
   - 2 punte vir 'n silwer toekenning.
   - 3 punte vir 'n goue toekenning.
   - 5 punte vir 'n merietetoekenning.

Die junior wenner en senior wenner van elke kategorie, voorgeskrewe onderwerp of minireeks verdien 'n bykomende punt.
Die algehele junior en senior wenner van die aand verdien nie nog 'n ekstra punt nie.

## 14. SALONNE

i) Klublede word aangemoedig om aan salonne deel te neem. Dit sluit nasionale salonne onder die beskerming van die PSSA, sowel as internasionale salonne in.

ii) Klublede verdien salonpunte soos volg:
- 1 punt vir ’n aanvaarding in ’n nasionale salon.
- 2 punte vir ’n merietetoenning in ’n nasionale salon.
- 3 punte vir ’n medalje in ’n nasionale salon.
- 2 punte vir ’n aanvaarding in ’n internasionale salon.
- 3 punte vir ’n merietetoekenning in ’n internasionale salon.
- 4 punte vir ’n medalje in ’n internasionale salon

iii) ’n Klublid wat as beoordelaar by ’n nasionale salon optree, ontvang vier salonpunte vir daardie afdeling.

iv) ’n Klublid wat as beoordelaar by ’n internasionale salon optree, ontvang 8 salonpunte vir daardie afdeling.

v) Daar word so goed moontlik rekord gehou van salonpunte wat klublede verdien, maar dit is uiteindelik elke klublid se verantwoordelikheid om toe te sien dat sy of haar salonpunte korrek is, en om dit met die puntemeester op te neem indien daar ’n fout is.

## 15. BEVORDERING

i) Klublede word bevorder van een vlak na die volgende op grond van drie kriteria. Dit is:
- Aantal klubpunte.
- Aantal goue of merietetoekennings.
- Salonpunte.

ii) Klubpunte en goue en meriete toekennings verval na elke bevordering, sodat ’n lid in elke nuwe vlak weer met 0 klubpunte begin.

iii) Salonpunte verval nie, maar stapel op.

iv) Vir elke vlak is daar ’n drumpel wat bereik moet word in elkeen van die drie kriteria om bevorder te word. Dit word in die tabel hieronder aangetoon.

v) Vir die bevordering van 3-ster tot 4-ster is daar twee stelle kriteria. Naas die stel kriteria wat 6 salonpunte vereis, is daar ook ’n tweede stel kriteria wat nie salonpunte vereis nie, maar wat meer klubpunte en goue of merietetoekennings vereis. Dit is om te voorkom dat lede wat nie aan salonne deelneem nie, vir altyd junior fotograwe bly.

vi) Lede aan wie ’n APSSA toegeken is, maar wat nog nie in die 3-ster afdeling is nie, word bevorder na ‘n vlak gelykstaande aan die persoon se salonpunte of na 5-ster vlak, watter vlak ookal die hoogste is.

**Vereistes vir bevordering**

| Bevordering | Klubpunte | Aantal goue en meriete toekennings | Salonpunte |
|---|---|---|---|
| **1* - 2*** | 24 | 6 | 0 |
| **2* - 3*** | 48 | 12 | 0 |
| **3* - 4*** | 96 | 24 | 6 |
| **of 3* - 4*** | 144 | 36 | 0 |
| **4* - 5*** | 200 | 30 | 25 |
| **5* - MB** | 200 | 50 | 85 |
| **MB - MS** | 200 | 50 | 145 |
| **MS - MG** | 200 | 50 | 205 |
| **MG - MP** | 200 | 50 | 265 |
| **MP- MD** | 200 | 50 | 325 |
| **MD - SMB** | 200 | 50 | 385 |
| **SMB - SMS** | 200 | 50 | 445 |
| **SMS - SMG** | 200 | 50 | 505 |
| **SMG - SMP** | 200 | 50 | 565 |
| **SMP - SMD** | 200 | 50 | 625 |
| **SMD - GMB** | 200 | 50 | 685 |
| **GMB - GMS** | 200 | 50 | 745 |
| **GMS- GMG** | 200 | 50 | 805 |

**Vereistes vir bevordering**

| Bevordering | Klubpunte | Aantal goue en meriete toekennings | Salonpunte |
|---|---|---|---|
| **GMG - GMP** | 200 | 50 | 865 |
| **GMP - GMD** | 200 | 50 | 925 |

-
-

## 16. INTERKLUB KOMPETISIES

i) AFO neem as klub sover moontlik deel aan interklub kompetisies.
ii) Wanneer lede hul foto's vir klubaande inskryf, word daardie foto's outomaties ook beskikbaar gestel vir opname in AFO se inskrywing vir interklub kompetisies.

## 17. JAARLIKSE TOEKENNINGS

i) AFO gee na afloop van elke kompetisiejaar erkenning aan fotograwe vir uitmuntende prestasies in die afgelope kompetisiejaar.
ii) Toekennings word sover moontlik tydens 'n jaarlikse afsluitingsfunksie oorhandig.
iii) Die volgende toekennings word gemaak volgens die aangeduide kriteria:

### 17.1 Meeste jaarpunte Predicate Trofee

Jaarpunte is die aantal klubpunte (sien 13. Puntetoekenning by klubaande) wat 'n AFO lid in 'n bepaalde fotografiejaar (Julie - Junie) verwerf het.

- Die wenner ontvang die Predicate-wisseltrofee, en 'n elektroniese sertifikaat.
- Tweede plek ontvang 'n silwer medalje en 'n elektroniese sertifikaat.
- Derde plek ontvang 'n brons medalje en 'n elektroniese sertifikaat.

**17.2 Meeste salonpunte GGF Venter Trofee**

Die toekennings word gedoen aan die AFO lede wat die meeste salonpunte (sien 14.Salonne) in die bepaalde kompetisiejaar verwerf het. Terwyl net die salonne wat deel vorm van die PSSA se jaarlikse Impala trofee kompetisie in aanmerking geneem word vir die Fotograaf van die jaar kompetisie, word alle aanvaardings in salonne – dus alle internasionale salonne ingesluit – in ag geneem vir die "Meeste salonpunte" kompetisie.

- Die wenner ontvang die GGF Venter-wisseltrofee en 'n elektroniese sertifikaat.
- Tweede plek ontvang 'n silwer medalje en 'n elektroniese sertifikaat.
- Derde plek ontvang 'n brons medalje en 'n elektroniese sertifikaat.

**17.3 Beste prestasie in die PSSA se Impalatrofee kompetisie Legado Trofee**

Toekennings word gedoen aan die AFO lede wat die beste presteer het volgens die geouditeerde uitslae van die PSSA se jaarlikse Impalatrofee kompetisie.

- Die wenner ontvang die Legado-wisseltrofee en 'n elektroniese sertifikaat.
- Tweede plek ontvang 'n silwer medalje en 'n elektroniese sertifikaat.
- Derde plek ontvang 'n brons medalje en 'n elektroniese sertifikaat.

**17.4 Beste foto's van die jaar**

Die beste foto's van die jaar word aangewys uit die junior en senior kategoriewenners van elke maand.
Die wenfoto's word aangewys deur 'n paneel van eksterne beoordelaars.

17.4.1 Die foto wat aangewys word as die beste AFO foto van die jaar (senior en junior gekombineer) ontvang die Imago Optima wisseltrofee en elektroniese sertfikaat.

17.4.2 In elk van die vaste kategorieë word 'n eerste, tweede en derde plek aangewys.

Telkens kry die wenner 'n trofee soos hieronder vermeld, 'n elektroniese sertifikaat en die tweede en derde plek wenners ontvang silwer en brons medaljes en elektroniese sertifikate.

17.4.2.1 Die wenner van die Beste Natuurfoto (voëls uitgesluit) kry die Keith Boehme Trofee

17.4.2.2 Die wenner van die Beste Voëlsfoto kry die Neels en Louise Jackson Trofee.

17.4.2.3.Die wenner van die Beste Landskapfoto kry die Frits Thuynsma Trofee.

17.4.2.4 Die wenner van die Beste Sportfoto kry die Christiaan Kotze Trofie

17.4.2.5 Die wenner van die Beste Piktoriale foto kry die Daguerre Trofee (geskenk deur Amanda Ellis.)

17.4.2.6 In elk van die vyf roterende kategorieë word net ’n wenner aangewys. Telkens kry die wenner ‘n goue medalje en elektroniese sertifikaat.

**17.5 Beste fotograwe per kategorie**

In elkeen van die vyf vaste kategorieë (Natuur, Voëls, Landskappe, Sport en Piktoriaal) word ’n “Fotograaf van die jaar” aangewys.
Die wenners word bepaal volgens die som van die tien hoogste punte uit 45 wat tydens klubaande in die kompetisiejaar deur die beoordelaars aan ’n fotograaf se foto’s in die betrokke afdeling toegeken is.
Telkens kry die wenner ’n trofee soos hieronder vermeld en ‘n elektroniese sertifikaat en die tweede en derde plek silwer en brons medaljes en elektroniese sertifikate.

17.5.1 Die wenner van die Natuur (voëls uitgesluit) kategorie kry die André en Annette Ligthelm Trofee

17.5.2 Die wenner van die Voëls kategorie kry die Tania Cholwich Trofee.

17.5.3 Die wenner van die Landskap kategorie kry die Cor Rademeyer Trofee.

17.5.4 Die wenner van die Sport kategorie kry die GB Jordaan Trofee.

17.5.5 Die wenner van die Piktoriale kategorie kry die Carien Kruger Trofee.

17.5.6 Die wenners van die vyf roterende kategorieë kry elk ’n medalje en elektroniese sertifikaat.

**17.6 Beste veelsydige fotograaf Louis Marais Trofee**

Die beste veelsydige fotograaf van die jaar word bepaal volgens die som van die beste enkele punt uit 45 wat tydens klubaande in die kompetisiejaar deur die beoordelaars aan ’n fotograaf se foto’s toegeken is in elkeen van die tien kategorieë sowel as vir voorgeskrewe onderwerpe.
Die wenner kry die Louis Marais Trofee en ’n elektroniese sertikaat.

**17.7 Junior Fotograaf van die Jaar AFO Trofee**

Die Junior fotograaf van die jaar word aangewys uit klublede van 1- tot 3-ster vlak. Indien ’n lid gedurende die jaar bevorder is tot 4-ster vlak, word net die punte wat die fotograaf tydens die kompetisiejaar op 3-ster vlak verdien het, in aanmerking geneem. Die wenner word bereken deur die lid se aantal jaarpunte, aantal Impala trofee salonpunte en punte verwerf deur PSSA-eretitels bymekaar te tel.

’n Lid verwerf soos volg punte vir PSSA-eretitels:

| | |
|---|---|
| **Nasionaal** | |
| LPSSA | 5 |
| DPSSA | 5 |
| APSSA | 7 |
| EPSSA | 10 |
| Elke verdere EPSSA toekenning | 5 |
| FPSSA | 15 |
| MPSSA | 20 |
| **Internasionaal** | |
| AFIAP | 7 |
| EFIAP | 10 |
| MFIAP | 20 |

- Die Junior fotograaf van die jaar ontvang die AFO wisseltrofee, en ’n elektroniese sertifkaat.
- Tweede plek ontvang ’n silwer medalje en elektroniese sertifikaat.
- Derde plek ontvang ’n brons medalje en elektroniese sertifkaat.

### 17.8 Senior Fotograaf van die Jaar Koos Delport Trofee

Die Senior fotograaf van die Jaar word aangewys uit klublede van 4-ster vlak en hoër. Indien ’n lid gedurende die jaar bevorder is tot 4-ster vlak, word net die punte wat die fotograaf tydens die kompetisiejaar op 4-ster vlak verdien het, in aanmerking geneem. Die wenner word bereken deur die lid se aantal jaarpunte, aantal Impala trofee salonpunte en punte verwerf deur PSSA-eretitels bymekaar te tel.

’n Lid verwerf soos volg punte vir PSSA-eretitels:

| | |
|---|---|
| **Nasionaal** | |
| LPSSA | 5 |
| DPSSA | 5 |
| APSSA | 7 |
| EPSSA | 10 |
| Elke verdere EPSSA toekenning | 5 |
| EPSSA Mille Platinum | 5 |
| FPSSA | 15 |
| MPSSA | 20 |
| **Internasionaal** | |
| AFIAP | 7 |
| EFIAP | 10 |
| MFIAP | 20 |

- Die Senior Fotograaf van die Jaar ontvang die Koos Delport-wisseltrofee, ’n goue medalje en ’n elektroniese sertifkaat.
- Tweede plek ontvang ’n silwer medalje en elektroniese sertifikaat.
- Derde plek ontvang ’n brons medalje en elektroniese sertifkaat.

## 18. **ANDER TOEKENNINGS**

i) Die voorsitter en bestuur kan toekennings aan AFO lede doen wat hulle op spesifieke wyse onderskei het. Die bestuur besluit self watter toekennings gedoen word, op grond waarvan dit gedoen word en watter vorm die erkennings aanneem.

ii) Die voorsitter het jaarliks die reg om, volgens sy eie oordeel, ’n **Voorsitterstoekenning** in die vorm van ’n goue medalje te doen aan een of meer lede vir voortreflike diens aan AFO in die afgelope jaar.

iii) Die bestuur mag besluit om ’n **Goue Diensmedalje** toe te ken aan ’n lid wat aan die volgende vereistes voldoen:
   - Die lid moet minstens 7 jaar lid van AFO wees.
   - Die lid moes minstens 3 jaar op die bestuur gedien het.
   - Die lid moes minstens 5 jaar diens aan AFO gelewer het, byvoorbeeld deur praatjies te gelewer het, deur as beoordelaar op te tree, deur AFO te verteenwoordig het en deur by salonne te help.
   - Die fotograaf moes ten minste die vorige twee jaar fotografies aktief gewees het.
   - Fotografiese prestasies is egter nie noodsaaklik vir hierdie toekenning nie.

## 19. WYSIGING VAN DIE HUISREëLS

Voorstelle vir enige wysiging van huisreëls moet deur die bestuur bespreek en intern goedgekeur word. Enige sodanige wysigings moet dan voorgelê word aan lede tydens ‘n ledevergadering of AFO klubaand vir kennisname en moontlike bespreking.